Hoofkantoor / Head Office
31 President CR Swart St Reitz 9810
Posbus / PO Box: 100 Reitz 9810
Tel: (058) 863 8111
vkb@vkb.co.za
www.vkb.co.za

**HANDLEIDING TEN OPSIGTE VAN SAFEX REGISTRASIE VORM**

Voltooi asseblief aangehegte soos hieronder uiteengesit:

LW: Die stel dokumente bestaan uit **22 bladsye plus FICA vorms**

**ELKE BLADSY MOET GEPARAFEER WORD DEUR KLIENT ASOOK TWEE GETUIES**

Bladsy 4 & 5: Alle details moet voltooi word

Bladsy 6: Vul rekeningnaam in en parafeer

Bladsy 13: Voltooi details (“Die kliënt”)

Bladsy 14: Voltooi besonderhede heel onder aan bladsy

Bladsy 15: Voltooi “so ooreengekom ...”

Bladsy 16: Voltooi “Vir die kliënt” en laat twee getuies daarby teken

Bladsy 21: Voltooi Bylae D

Bladsy 22: FICA inligting

Faks / epos en pos asseblief die oorspronklike dokumente vir my aandag na die volgende adres:

**VKB Landbou Pty Ltd**

**Aandag: Elmarie Ferreira**

**Posbus 100**

**REITZ**

**9810**

Sodra ek bogenoemde ontvang het, word dit geregistreer by Safex. Ek sal u in kennis stel van u Safex-kode sodra die registrasie afgehandel is.

U sal die daaglikse Booking Fees state vanaf VKB ontvang sodra u begin verhandel. Ek wil graag versoek dat u dringend met my in verbinding tree indien u dit nie ontvang nie.

Die rekening vir die plasing van deposito's, is die inbetalingsbesonderhede as volg:

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | VKB Landbou Pty Ltd |
| Naam van bank: | Standard Bank |
| Takkode: | 05-57-33 |
| Rekeningnommer: | 04 227 6659 |

Meld asseblief ten alle tye u Safex-kode as **verwysing op deposito** en faks die bewys vir my aandag na **086 519 3197** sodat ek u VKB safex rekening kan opdateer.

Alle Safex transaksies sal deur u VKB safex rekening vloei. Ook wil ek vir u noem dat die balans in u VKB safex rekening op maandeinde rente verdien. Indien u fondse uit u Safex-rekening wil onttrek, kan u die versoek telefonies of per faks deurstuur na bogenoemde faksnommer (voor 10h00) met die nodige details van u bank, taknaam, takkode, rekeningnommer, u safex-kode en u handtekening ter bevestiging hiervan asook die bedrag wat oorbetaal moet word.

Op maandeinde word die volgende state aan u gepos:

1. Safex rekonsiliasie staat vir die maand
2. VKB beleggingsrekening staat

Indien enige verdere navrae, neem asseblief die vrymoedigheid om my te skakel.

Vriendelike groete

**Elmarie Ferreira**

elmarief@vkb.co.za

**(t) 058 – 863 8397**

SECURITIES EXCHANGE
SOUTH AFRICA

One Exchange Square
Gwen Lane, Sandown.
Private Bag X991174,
Sandton, 2146, South Africa.
Telephone: (2711) 520 7000
Web: www.jse.co.za

# DIE JSE SEKURITEITSBEURS

## KLIËNTOOREENKOMS EN REGISTRASIEVORM

**Hierdie dokumentasiepakket bestaan uit:**

- Instruksies aan lede
- Kliëntregistrasievorm
- Kliëntooreenkoms
- Bylaes tot Kliëntooreenkoms
  - A. Risiko-Openbaringsverklaring
  - B. Uittreksels uit die Wet op Beheer van Finansiële Markte
  - C. Skedule van fooie
  - D. Beleggingsoogmerke van Kliënt

## Instruksies aan lede:

Lede moet seker maak dat hulle die volgende stappe volg wanneer 'n nuwe kliënt geregistreer word:

1. Verduidelik die Kliëntooreenkoms aan u kliënt en maak seker dat die kliënt bewus is van die feit dat hy ook aan die reëls gebonde is.

2. Verduidelik die risiko's verbonde aan handeldryf in opsies en termynkontrakte aan u kliënt. Die kliënt moet die Risiko-Openbaringsverklaring (Bylae A) lees en parafeer.

3. Verduidelik die implikasies van ongevraagde uitnodigings aan u kliënt en laat die kliënt die uittreksels uit die Wet op Beheer van Finansiële Markte (Bylae B) parafeer.

4. Voltooi die volgende:

   - die lid se naam en die kliënt se naam op die Kliëntooreenkoms se titelblad;

   - u aanstelling per klousule 3 : skrap die subparagraaf wat nie van toepassing is nie;

   - enige bykomende marge soos vereis in klousule 7 - vul 0% in indien nie van toepassing;

   - u handelshoedanigheid soos vereis in klousule 8 : dui die keuse aan;

   - verduidelik hoe u fooie gaan hef en dat 'n "turn" nie 'n fooi is nie; dui die toepaslike keuse in klousule 12.3 aan en voltooi Bylae C;

   - die inligting soos vereis in klousule 14 saamgelees met Bylae D - dit is noodsaaklik dat die kliënt se beleggingsoogmerke duidelik en bondig is - maak seker dat die kliënt verstaan wat die maksimum verlies kan wees wanneer 'n bepaalde strategie volgens sy oogmerke geïmplementeer word;

   - handtekeninge en besonderhede van beide partye soos vereis in klousule 23.

5. Beide u en u kliënt moet by **al** die bogenoemde plekke waar 'n keuse, skrapping of voltooiing vereis word, parafeer.

6. Parafeer elke bladsy, insluitende alle bylaes, saam met twee getuies.

7. Laat die kliënt elke bladsy, insluitende alle bylaes, saam met twee getuies parafeer.

8. Bewaar die voltooide en ondertekende oorspronklike op ‘n veilige plek **en verskaf ‘n kopie aan die kliënt**.

9. Voltooi die Kliëntregistrasievorm en faks dit aan JSE. Die kliënt sal dan deur die verrekeningshuis geregistreer word. Maak seker dat beide die voldoeningsbeampte en die kliënt die verklarings op hierdie bladsy teken en maak seker dat die kliënt verstaan wat hy teken.

10. Dit is baie belangrik om kennis te neem van klousule 21, wat bepaal dat geen wysiging van die ooreenkoms (insluitende die Bylaes) van enige krag of effek sal wees nie, tensy dit op skrif gestel word en deur beide partye onderteken word nie. Dit impliseer dat in die geval van enige wysiging aan Bylaes C of D ná sluiting van die ooreenkoms, die wysigings op aparte Bylaes uiteengesit moet word, behoorlik onderteken en gedateer moet word deur die lid en die kliënt soos in die geval van die ooreenkoms self, en dat dit dan aan die ooreenkoms geheg word as nuwe Bylaes, wat die bestaandes vervang. Vir verwysingsdoeleindes behoort die lid egter die oorspronklike Bylaes te behou, maar duidelik daarop aan te dui dat hierdie oorspronklike Bylaes gewysig is en derhalwe nie meer van krag is nie.

**KLIëNTREGISTRASIEVORM**

**Aan :** Die Kliëntregistrasiebeampte
**Faks :** (27) (11) 520 7558
**(Gebruik asseblief blokletters om hierdie vorm te voltooi.)**

SECURITIES EXCHANGE
SOUTH AFRICA

One Exchange Square
Gwen Lane, Sandown.
Private Bag X991174,
Sandton, 2146, South Africa.
Telephone: (2711) 520 7000
Web: www.jse.co.za

**Registreer kliënt om handel te dryf in**
Finansiële instrumente [ ] landbou-instrumente [X]

**Lid se besonderhede:**

| | |
|---|---|
| Naam | VKB LANDBOU (PTY) LTD |
| Kontakpersoon | ELMARIE FERREIRA |

Ek, ……………………………………………………………..,
die Voldoeningsbeampte van die lid, versoek JSE hiervolgens om die volgende kliënt in terme van reël 7.6.2 te registreer.

Geteken : ________________________________________ (Die Voldoeningsbeampte)

Datum : ______________________________________________

---

**Kliënt se besonderhede:**

| | |
|---|---|
| Naam | |
| Maatskappy/BK Registrasie Nr./Individu se ID No. | |
| Kontakpersoon (vir Maatskappye/BK's) | |

Diskresionêr bestuurde kliënt (J/N) [N]

Inwonerkliënt [ ] Nie-inwonerkliënt [ ] Emigrantkliënt [ ]

**Kliëntadviesnotas:**
Via e-pos [ ] Geen kliëntnotas [ ]
Via faks [ ]

| Posadres | Straatadres |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Telefoonnr. | | Faksnr. | |
| Teleksnr. | | E-pos adres | |

| | |
|---|---|
| BTW nommer (slegs vir Landboumarkkliënte) | |
| Belasting nommer | |

Ek, ____________________________________, gemagtigde ondertekenaar van die kliënt, bevestig dat ek die kliëntooreenkoms en die risiko-openbaringsverklaring ("Risk Disclosure Statement") gelees en onderteken het, dat ek gebonde sal wees aan die reëls van JSE en dat die inligting wat hierin verskaf is, korrek is.

VKB LIDNR……………………………………………………………….
Geteken ________________________________ ________________________
Kliënt se handtekening Datum

**Slegs vir nie-inwonerkliënte:**

Kliënt se bankbesonderhede

Naam van gemagtigde bank ______

Tak ______

Telefoonnr. ______ Faksnr. ______ Teleksnr. ______

Rekeningnommer ______

Kontakpersoon by bank ______

Lid se Bankbesonderhede

Naam van gemagtigde bank ______

Tak ______

Rekeningnommer (vir daaglikse vereffening) ______

Kliënt Margekategorie: + Addisionele % [ 25% ] [ 50% ] [ 75% ] [ 100% ]

SECURITIES EXCHANGE
SOUTH AFRICA

One Exchange Square
Gwen Lane, Sandown.
Private Bag X991174,
Sandton, 2146, South Africa.
Telephone: (2711) 520 7000
Web: www.jse.co.za

# DIE JSE SEKURITEITSBEURS

## KLIëNTOOREENKOMS

tussen

……………….**VKB LANDBOU (PTY) LTD**……………………………

**(“Lid”)**

**en**

…………………………………………….

**(“Kliënt”)**

## 1 Woordbepaling

1.1 In hierdie ooreenkoms, tensy dit duidelik andersins blyk of met die verband onbestaanbaar is -

1.1.1 het die terme wat in hierdie ooreenkoms gebruik word dieselfde betekenis as wat aan hulle in die reëls van JSE ("die reëls") toegeken word;

1.1.2 in die geval van 'n konflik tussen die reëls en die bepalings van hierdie ooreenkoms, geld die bepalings van die reëls;

1.1.3 "klousule" beteken 'n apart genommerde bepaling van hierdie ooreenkoms.

1.2 Die reëls sal *mutatis mutandis* op hierdie ooreenkoms van toepassing wees asof hulle hierby ingesluit is.

## 2 Reëls bindend

Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, erken en bevestig die kliënt dat hy die reëls gelees het, hulle verstaan en aan hulle gebonde is.

## 3 Aanstelling

*(Skrap paragraaf wat nie van toepassing is nie)*

### 3.1 Nie-diskresionêre kliëntooreenkoms

Die kliënt stel die lid aan en die lid aanvaar die aanstelling om in instrumente wat deur JSE genoteer word, handel te dryf sonder enige diskresie en slegs in navolging van 'n opdrag van die kliënt.

## 4 Veronderstelling

Hierdie ooreenkoms sal van geen krag en effek wees nie, totdat die kliënt ingevolge die reëls deur die verrekeningshuis geregistreer is en, indien klousule 14.4 van toepassing is, die bedrag wat belê gaan word in terme van daardie klousule, inbetaal het.

## 5 Risikoverklaring

Die kliënt erken dat hy die Risiko-Openbaringsverklaring hierby aangeheg as Bylae A, gelees en onderteken het en dat hy die inhoud daarvan ten volle verstaan.

## 6 Verpligtinge van die lid

6.1 Die lid -

6.1.1 sal poog, maar is nie verplig nie, om teenoor die kliënt te bevestig dat enige opdrag uitgevoer is en sal nie aanspreeklik wees vir enige toevallige vertraging of onakkuraatheid in die uitvoering van die kliënt se instruksies nie;

6.1.2 mag skriftelik aan die kliënt verslag doen wanneer ‘n transaksie uitgevoer is, en sodanige verslag sal besonderhede insluit van die beurskontrak, die prys, die hoeveelheid beurskontrakte, die tyd van die instruksie om handel te dryf en of die transaksie die effek gehad het om ‘n posisie te open, te sluit, te vermeerder of te verminder, die fooie en kommissie betaalbaar en enige ander besonderhede relevant tot die transaksie; en

6.1.3 sal die handels- en posisierekords in stand hou en aan die kliënt verslag doen soos vereis in reël 10.2, en sal alle redelike stappe neem om die kliënt te voorsien van enige inligting wat die kliënt verlang in verband met die kliënt se posisies.

## 7 Marge

7.1 Die lid is gemagtig om sodanige bedrae wat van tyd tot tyd vereis word uit die kliënt se rekening in terme van reël 11.4 te onttrek om enige bedrae betaalbaar in die loop van die opening, sluiting of handhawing van enige posisies namens die kliënt, te vereffen.

7.2 Die kliënt sal, in terme van reël 8.6.3.2, aan die lid ‘n bedrag van bykomende marge betaal, gelyk aan ‘n faktor van ‘n %(deur VKB voorgestel) van die aanvangsmarge wat deur die verrekeningshuis gehou word.

## 8 Handelshoedanigheid

Die kliënt magtig hierdeur die lid om te handel as :

| | |
|---|---|
| Prinsipaal | |
| Agent | |
| Prinsipaal of agent | X |

*(dui keuse aan met x)*

## 9 Handelsbeperkinge

Die lid sal die kliënt inlig van enige handels- of posisieperke wat deur die lid se verrekeningslid vir die lid voorgeskryf is, indien enige, en van alle perke wat die lid vir die kliënt voorskryf.

## 10 Telefoonoproepe

Die partye erken en bevestig dat hulle vertroud is met die bepalings van reël 10.2.4 wat op die bandopname van telefoonoproepe betrekking het en dat hulle geag word onherroeplik toe te gestem het daartoe.

## 11 Ongevraagde Uitnodigings

Die kliënt erken dat hy/sy vertroud is met die werking van artikel 25 van die Wet, soos uiteengesit in Bylae B tot hierdie ooreenkoms.

## 12 Fooie

12.1 Fooie vir dienste gelewer sal deur die lid gehef word in ooreenstemming met die reëls en die kliënt onderneem hiermee om sodanige bedrae te betaal op die dag waarop dit betaalbaar word.

12.2 Die lid sal die kliënt 30 dae skriftelike kennis gee van enige verandering in die fooie vervat in Bylae C tot hierdie ooreenkoms.

12.3 Die lid -

| | |
|---|---|
| mag | X |
| mag nie | |

*(dui keuse aan met x)*

‘n fooi hef vir enige transaksie met die kliënt wanneer hy as prinsipaal optree.

**13 Mededeling aan derdes**

Die lid onderneem om geen vertroulike inligting met betrekking tot die kliënt bekend te maak nie tensy sodanige bekendmaking -

13.1 wetlik of kragtens die reëls verplig word;

13.2 in nakoming van ‘n openbare plig gedoen word;

13.3 nodig is om die legitieme belange van die lid te bevorder; en

13.4 met die toestemming van die kliënt gedoen word.

**14 Kliëntwaarborge**

Die kliënt waarborg dat -

14.1 die inligting vervat oor hom/haar in die kliëntregistrasievorm en in hierdie ooreenkoms in alle opsigte waar en korrek is;

14.2 hy/sy die lid in kennis sal stel van enige verandering in die inligting uiteengesit in die dokumente genoem in klousule 14.1;

14.3 hy/sy aan al die vereistes van die reëls vir die aanvaarding as ‘n kliënt voldoen en sal voldoen; en

**15 Kontrakbreuk deur kliënt**

15.1 Die leerstuk van “time is of the essence” sal van toepassing wees vir die nakoming deur die kliënt van enige verpligting ingevolge hierdie ooreenkoms.

15.2 Die bepalings van reëls 12.1 en 12.2 sal van toepassing wees in geval van enige verbreking deur die kliënt van sy/haar verpligtinge onder hierdie ooreenkoms.

## 16 Kontrakbreuk deur lid

16.1 Indien die lid versuim om enige verpligting teenoor die kliënt in terme van hierdie ooreenkoms na te kom, sal die kliënt onmiddellik die uitvoerende beampte inlig van die besonderhede van sodanige verbreking.

16.2 Die bepalings van reëls 12.1 en 12.3 of 12.4, soos wat die geval mag wees, mag van toepassing gemaak word in geval van enige verbreking van die lid se verpligtinge onder hierdie ooreenkoms.

## 17 Vrywillige beëindiging

17.1 Enige party is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig deur skriftelike kennisgewing aan die ander party te gee soos deur hierdie ooreenkoms in die vooruitsig gestel, met dien verstande dat sodanige beëindiging nie -

17.1.1 die regte en verpligtinge van die partye ingevolge hierdie ooreenkoms beïnvloed nie, welke regte en verpligtinge mag ontstaan of bestaan ten tyde van sodanige kennisgewing of ten tyde van die beëindiging van hierdie ooreenkoms;

17.1.2 die kliënt geregtig sal maak daarop om enige gelde wat gehou word om die kliënt se verpligtinge te verseker, uit die rekening waarna verwys word in klousule 7, te eis of te onttrek totdat die kliënt al sodanige verpligtinge nagekom het nie.

## 18 Arbitrasie

Enige geskil wat ontstaan vanuit of in verband met hierdie ooreenkoms of die onderwerp van hierdie ooreenkoms, sal besleg word deur arbitrasie of mediasie in terme van afdeling 17 van die reëls.

## 19 Regstelsel

19.1 Hierdie ooreenkoms word beheers deur en uitgelê ooreenkomstig die reg van die Republiek van Suid-Afrika.

19.2 Onderhewig aan die bepalings van klousule 18, stem die partye toe tot die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe.

## 20 Vergunning

20.1 Geen vergunning, uitstel of ander toegewing wat deur enige party aan die ander gegee mag word ten opsigte van die nakoming van enige verpligting of die afdwinging van enige reg ingevolge hierdie ooreenkoms, en geen enkele of gedeeltelike uitoefening van enige reg deur enige party, sal onder enige omstandighede beskou word as 'n stilswyende toestemming deur sodanige party nie, en geld ook nie as 'n afstanddoening of novasie van of beïnvloed andersins die regte van enige party in terme van hierdie ooreenkoms of verbied sodanige party om stiptelike en presiese nakoming van elke bepaling van hierdie ooreenkoms af te dwing nie.

20.2 Die bepalings van reël 11.5 sal andersins van toepassing wees op enige sodanige vergunning of toegewing.

## 21 Wysiging

Geen byvoeging, wysiging, konsensuele kansellasie of novasie van hierdie ooreenkoms en geen afstanddoening van enige reg vanuit hierdie ooreenkoms of die verbreking of beëindiging daarvan, sal van krag wees nie tensy dit op skrif gestel word en deur albei partye of hul behoorlik gemagtigde verteenwoordigers onderteken word. Met dien verstande dat geen sodanige byvoeging, wysiging, novasie of afstanddoening, behalwe in die geval van 'n byvoeging tot of wysiging van Bylaes C en D, bewerkstellig sal word sonder die voorafgaande goedkeuring van die uitvoerende beampte nie.

## 22 Volledige ooreenkoms

Hierdie ooreenkoms, gelees saam met enige goedgekeurde gevalle waarna verwys word in klousule 21, bevat die hele ooreenkoms tussen die lid en kliënt en geeneen van hulle sal gebonde wees aan enige onderneming, voorstelling of waarborg wat nie hierin vervat is nie.

## 23 Kennisgewings en *domicilia*

23.1 Die partye kies as hul *domicilia citandi et executandi* hul onderskeie adresse soos in hierdie klousule uiteengesit, vir alle doeleindes wat voortspruit uit of verband hou met hierdie ooreenkoms by welke adresse alle prosesstukke, kennisgewings en mededelings wat uit hierdie ooreenkoms voortspruit of daarmee verband hou of op die verbreking of beëindiging daarvan betrekking mag hê, geldiglik afgelewer by of op die partye beteken mag word.

23.2 Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms is die onderskeie adresse van die partye die volgende -

**DIE KLIËNT**

| | |
|---|---|
| Adres | |
| Telefoonnommer | |
| Teleks | |
| Faks | |
| Elektroniese pos | |

**DIE LID**

| | |
|---|---|
| Adres | **VKB LANDBOU (PTY) LTD**<br>**POSBUS 100**<br>**REITZ, 9810** |
| Telefoonnommer | **058863 8397** |
| Teleks | |
| Faks | **058863 3317** |
| Elektronies pos | **elmarief@vkb.co.za** |

of by sodanige ander adres wat nie 'n posadres of *poste restante* is nie, of nommer waarvan die betrokke party die ander ingevolge hierdie ooreenkoms in kennis mag stel.

23.3 Enige kennisgewing wat ingevolge hierdie ooreenkoms gegee word moet, tensy dit by wyse van elektroniese pos gestuur is, op skrif wees en word geag, tensy die teendeel bewys word, ontvang te gewees het -

23.3.1 op die tydstip van aflewering indien dit per hand tydens gewone kantoorure by die geaddresseerde se geregistreerde adres afgelewer is;

23.3.2 teen nie later nie as die sewende dag na die dag van versending indien dit met vooruitbetaalde geregistreerde pos vanaf 'n adres binne die Republiek van Suid-Afrika aan die geaddresseerde by sy geregistreerde adres gepos is;

23.3.3 met bewys van versending indien dit deur teleks, faks of op elektroniese wyse versend is.

23.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel hierin vervat, is 'n kennisgewing wat inderdaad deur een van die partye ontvang is vanaf die ander, voldoende skriftelike kennisgewing of mededeling aan sodanige party.

---

**So ooreengekom en onderteken te ..................................................**

**op hierdie .............. dag van ...................................................20 ......**

## VIR DIE LID

…………………………………………….(VOLDOENINGSBEAMPTE)
(Handtekening van verteenwoordiger)

Wat hiermee sy volmag om die lid te bind waarborg

| | |
|---|---|
| **ANDRè ODENDAAL** | **VOLDOENINGSBEAMPTE** |
| **Naam van ondertekenaar** | **Hoedanigheid** |

**As getuies:**

1. ……………………………………………………………..

2. ……………………………………………………………...

## VIR DIE KLIëNT

x…………………………………………….(NUWE KLIëNT)
(Handtekening van verteenwoordiger)

Wat hiermee sy volmag om die kliënt te bind waarborg

| | |
|---|---|
| x……………………………………. | x……………………………… |
| **Naam van ondertekenaar** | **Hoedanigheid** |

**As getuies:**

1. ……………………………………………………………..

2. ……………………………………………………………...

## BYLAE A

## Risiko-openbaringsverklaring

Hierdie risiko-openbaringsverklaring word ingevolge die reëls gemaak. Die risiko van verlies voortspruitend uit die handeldryf in termyn- en opsiekontrakte mag aansienlik wees. U moet self omsigtig te werk gaan en versigtig beoordeel of handel in hierdie instrumente vir u geskik is in die lig van u omstandighede en finansiële bronne. U moet van die volgende faktore bewus wees -

1 Indien die mark teen u posisie in beweeg, mag u binne 'n relatiewe kort tydperk 'n verlies ly wat meer is as die totaal van die fondse wat u by wyse van marge by u lid gedeponeer het. Daar mag van u vereis word om 'n substansiële bykomende bedrag op kort kennisgewing te deponeer ten einde u margebalans te handhaaf. Indien u nie u margebalans handhaaf nie, kan u posisies teen 'n verlies gesluit word en sal u aanspreeklik wees vir enige gevolglike tekort.

2 Onder sekere markomstandighede mag dit moeilik of onmoontlik wees om 'n posisie te sluit. Dit mag byvoorbeeld die geval wees indien handel baie stil is of opgeskort of beperk word in tye van snelle prysbewegings.

3 Indien toegelaat, sal die plasing van 'n "stop-verlies" opdrag nie noodwendig u verlies tot die gewenste bedrae beperk nie, aangesien markomstandighede dit onmoontlik mag maak om sodanige opdragte teen die vasgestelde prys uit te voer.

4 'n Verspreide of saalposisie mag net so riskant wees as 'n eenvoudige lang of kort posisie, en kan baie meer kompleks wees.

5 Markte in termyn- en -opsiekontrakte is baie volatiel en handel daarin dra 'n substansiële risiko van verlies. Die hoë mate van hefboming wat verkry word deur in hierdie kontrakte handel te dryf, vloei voort vanuit die betaling van 'n relatief konserwatiewe deposito of marge in vergelyking met die volle kontrakswaarde. Die gevolg is dat 'n relatiewe klein beweging in die markprys nie alleen substansiële voordele vir u kan laat toekom waar dit in u guns beweeg nie, maar ook substansiële verliese kan meebring wat u oorspronklike belegging mag oorskry, indien die mark eweneens 'n klein beweging teen u posisie maak.

6 Wanneer u lid namens u handel dryf, behoort u u lid slegs toe te laat om handel te dryf in kontrakte wat op JSE genoteer is. Indien u handel dryf in kontrakte wat nie genoteer is nie, doen u dit op eie verhoogde risiko.

7 Voordat handeldryf 'n aanvang neem, behoort u eers skriftelike bevestiging van u lid te verkry van alle huidige kommissies, fooie en ander transaksiekoste waarvoor u aanspreeklik sal wees.

8 Lede mag in dieselfde mark as u vir hul eie rekening handel dryf, in welke geval hulle betrokkenheid met u belange mag bots.

9 U moet goed oorweeg of u finansiële posisie u toelaat om in 'n sindikaat handel te dryf. Die volgende aspekte is van besondere belang -

9.1 koste vir bestuur, advies en makelaarsfooie;

9.2 die prestasiegeskiedenis van die sindikaat en tydperk waarvoor dit al aktief is; en

9.3 die geloofwaardigheid van die bestuur.

10 U lid moet die verskillende terme wat hierin gebruik word aan u verduidelik sodat u ten volle op hoogte van die betekenis en belang daarvan is.

11 U lid is verplig om aan u die betekenis van artikel 25 van die Wet op die Beheer van Finansiële Markte oor ongevraade uitnodigings uiteen te sit en te verduidelik. Die bewoording van artikel 25 word in bylae B uiteengesit.

12 Indien u enige twyfel of kommer het oor die risiko's in die handeldryf in vooruit-, -termyn- en -opsiekontrakte mag u JSE kontak vir meer gedetailleerde inligting hieroor voordat u hierdie verklaring onderteken.

---

Hierdie kort verklaring kan nie al die risiko's verbonde aan die handel in termyn- en -opsiekontrakte uiteensit nie. Hierdie instrumente is nie geskik vir baie lede van die publiek nie en u moet sulke beleggings versigtig bestudeer voordat u geld daaraan toesê. Daar mag ook belastingimplikasies wees en u behoort u prokureur, rekenmeester of belastingadviseur te raadpleeg.

## BYLAE B

### Uittreksel uit die Wet op die Beheer van Finansiële Markte 1989

**Artikel 1: "ongevraagde uitnodiging"**,

met betrekking tot die aangaan van 'n ooreenkoms ten opsigte van genoteerde finansiële instrumente, beteken 'n persoonlike besoek aan iemand gebring of 'n mondelinge mededeling aan iemand gedoen sonder uitdruklike of stilswyende uitnodiging van so iemand, maar met uitsondering van so 'n persoonlike besoek gebring, of so 'n mondelinge mededeling, aan iemand ten behoewe van wie vantevore die besigheid van koop en verkoop van genoteerde finansiële instrumente gedryf is deur die persoon wat daardie persoonlike besoek gebring of mondelinge mededeling gedoen het, 'n effektemakelaar soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985), 'n lid van 'n finansiële beurs, of 'n finansiële instelling genoem in paragraaf (a), (b), (c), (d), (e), (f) of (h) van die omskrywing van "finansiële instelling" in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 (Wet No. 39 van 1984);

**Artikel 25: Ongevraagde uitnodigings.-**

(1) Wanneer 'n ooreenkoms ten opsigte van genoteerde finansiële instrumente in die loop van of as gevolg van 'n ongevraagde uitnodiging aangegaan is, kan die persoon ten opsigte van wie 'n ongevraagde uitnodiging gedoen is binne vyf dae, of enige ander voorgeskrewe tydperk, na die datum van die aangaan van sodanige ooreenkoms, die ooreenkoms beëindig-

(a) by skriftelike kennisgewing oorhandig aan die persoon wat die ongevraage uitnodiging gedoen het, of per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan hom gestuur; en

(b) deur teruggawe aan te bied van enige goedere wat ingevolge die ooreenkoms aan hom gelewer is.

(2) Die tydperk van vyf dae of enige ander voorgeskrewe tydperk beoog in subartikel (1) word bereken met uitsluiting van die dag waarop die ooreenkoms bedoel in subartikel (1) aangegaan is en van enige Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag.

(3) Wanneer ‘n ooreenkoms bedoel in subartikel (1), ooreenkomstig subartikel (1) beëindig is, moet die persoon wat die ongevraagde uitnodiging gedoen het-

(a) binne 10 dae, of enige ander voorgeskrewe tydperk, vanaf die datum waarop die betrokke kennisgewing van beëindiging aldus aan hom oorhandig of gestuur is, enige geld of ander eiendom wat ingevolge bedoelde ooreenkoms aan hom betaal of oorgedra is, teruggee aan die persoon ten opsigte van wie die ongevraagde uitnodiging gedoen is; en

(b) enige goedere wat ingevolge bedoelde ooreenkoms deur hom gelewer is en waarvan teruggawe kragtens subartikel (1) (b) aangebied is, van die persoon ten opsigte van wie die ongevraagde uitnodiging gedoen is, in ontvangs neem.

## BYLAE C

### Skedule van fooie

Die fooie waarna in klousule 12 van die Kliëntooreenkoms verwys word is huidiglik die volgende:

Lid se fooi = R1.50 per ton (minder as 40 kontrakte per maand)

Lid se fooi = R1.20 per ton (by transaksies van 40 kontrakte of meer per maand)

**BYLAE D**

**Beleggingsoogmerke van die kliënt**

Die kliënt se beleggingsoogmerke soos in die vooruitsig gestel in klousule 14.4.1 van hierdie ooreenkoms, is soos volg: nvt

……………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………
……………………………………………………….

**NOTA:**

Enige latere wysigings aan Bylaes C of D moet aangeheg word aan hierdie ooreenkoms en behoorlik onderteken en gedateer word.

AAN:
VAN:
INSAKE: Oorplasing van fondse
DATUM:

Geagte lid

Die oorplasing van fondse vanaf VKB impliseer die volgende:

- Skriftelike magtigings vir onttrekkings en oorplasings moet in plek wees. Vul asseblief onderstaande vorm in en stuur so gou as moontlik terug, sodat die korrektheid van u bankrekeningnommer nagegaan kan word.

**VKB stel dit ten doel om u fondse te beskerm, maar aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe inligting nie. Die volgende inligting word dringend afgewag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lidnommer** | | **Naam** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Naam van Bank** | | **Dorp** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Rek.nommer** | | **Takkode** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tjekrekening** | | **Spaarrekening** | |

**Hiermee verleen ek magtiging aan VKB om fondse elektronies na bogemelde bankrekening oor te plaas op sterkte van die volgende:-**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Telefoniese aanvraag (JA / NEE)** | | **Deur (NAAM)** | |

| | |
|---|---|
| **Slegs skriftelike aanvraag (JA / Nee)** | |

**Ek sertifiseer dat die inligting hierbo gemeld korrek is en dat ek ten volle op hoogte is van die inhoud.**

Geteken te ________________op hierdie_____________ dag van ____________________20__

______________________
Handtekening

* **Let wel**: Fondse kan slegs na rekening oorgeplaas word, waarvan die besonderhede op VKB se stelsel aangebring is.

**MAATSKAPPY/BESLOTE KORPORASIE/TRUST VORM**

| | |
|---|---|
| **Lidnommer** | |

| **INLIGTING VEREIS** | | **GEKONTROLEER** |
|---|---|---|
| Geregistreerde naam * | | |
| Handelsnaam * | | |
| Registrasienommer * | | |
| Geregistreerde adres * | | |
| Hoofkantoor en takke | | |
| Prinsipale plek van besigheid | | |
| Volle name van alle direkteure/lede/trustees * | | |
| Inkomstebelastingnommer * (Heg bewys aan) | | |
| BTW-nommer * (Heg sertifikaat aan) | | |
| Bankbesonderhede: | | |
| - Bank | | |
| - Rekeningnommer | | |
| - Rekeningnaam | | |
| - Takkode | | |
| Telefoonnommer | | |
| Selnommer | | |
| Faksnommer | | |
| E-pos/Webtuiste | | |
| Land van oorsprong | | |
| Kontakpersoon / persone | | |
| Gemagtigde verteenwoordiger (Soos per resolusie) | | |
| Aard van besigheid | | |

______________________________ ______________________________ ______________

**VOLTOOI DEUR** **HANDTEKENING** **DATUM**

______________________________

*** GOEDGEKEUR DEUR**

**(Vir voltooiing deur VKB LANDBOU PTY LTD)**

**VOLTOOI ASSEBLIEF ADDISIONELE INLIGTING OP 'N APARTE BLADSY.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE VAN DOKUMENTASIE UITEENGESIT IN DIE AANHANSEL HIERTOE MOET AAN DIE VOLTOOIDE VORM GEHEG WORD.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE WAT AANGEHEG MOET WORD:**

1. Maatskappy: CM 1-sertifikaat van registrasie, sertifikaat om besigheid te begin,
   Name van alle direkteure, geregistreerde adres (CM 22)
   Beslote korporasie: CK 1-sertifikaat van registrasie en CK 2
   Trust: Trustakte en magtigingsbriewe

2. Brief van SAID met verwysingsnommer

3. BTW-sertifikaat

4. Gekanselleerde tjek

5. Briefhoof

6. Skriftelike magtigings

7. Maatskappy: Identiteitsdokumente/paspoorte van direkteure en bestuurder asook 'n water en ligterekening met 'n fisiese adres.

   Beslote korporasie: Identiteitsdokumente/paspoorte van lede asook 'n water en ligterekening met 'n fisiese adres.

   Trust: Identiteitsdokumente/paspoorte van trustees en begunstigdes asook 'n water en ligterekening met 'n fisiese adres.

**BYLAE E**

**NATUURLIKE PERSOON VORM**

| | |
|---|---|
| **Lidnommer** | |

| **INLIGTING VEREIS** | | **GEKONTROLEER** |
|---|---|---|
| Van | | |
| Volle naam(e) | | |
| Geboortedatum | | |
| ID/paspoortnommer * | | |
| Nasionaliteit | | |
| Inkomstebelastingnommer * | | |
| BTW-nommer * | | |
| Inkomstebelastingkantoor * | | |
| Land woonagtig | | |
| Woonadres | | |
| | | |
| Posadres | | |
| | | |
| Telefoonnommer - werk | | |
| Telefoonnommer - huis | | |
| Selnommer | | |
| Faksnommer | | |
| E-pos | | |
| Bankbesonderhede: * | | |
| - Bank | | |
| - Rekeningnommer | | |
| - Rekeningnaam | | |
| - Takkode | | |
| Beroep | | |
| Gemagtigde verteenwoordiger | | |
| Aard van besigheid en besigheidsadres * | | |

______________________________ ______________________________ _______________

**VOLTOOI DEUR** **HANDTEKENING** **DATUM**

______________________________

*** GOEDGEKEUR DEUR**

**(Vir voltooiing deur VKB LANDBOU PTY LTD )**

**VOLTOOI ASSEBLIEF ADDISIONELE INLIGTING OP 'N APARTE BL ADSY.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE VAN DOKUMENTASIE UITEENGESIT IN DIE AANHANSEL HIERTOE MOET AAN DIE VOLTOOIDE VORM GEHEG WORD.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE WAT AANGEHEG MOET WORD:**

1. Identiteitsdokument/paspoort
2. Brief van SAID met verwysingsnommer
3. BTW-sertifikaat
4. Water en ligte rekening
5. Gekanselleerde tjek
6. Briefhoof van besigheid (indien van toepassing)

# RESOLUSIE

UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING GEHOU DEUR DIE
DIREKTEURE/LEDE/VENNOTE/TRUSTEES *
VAN

______________________________________________

Registrasienommer: ____________________________

Gehou te:

Op die __________ dag van ____________________ 200__ .

**Teenwoordig (volle name en van)**

1. ________________________
2. ________________________
3. ________________________
4. ________________________

**Dit was besluit:**

Dat _______________________________________ * (naam van direkteur/lid/vennoot/trustee/agent) hiermee aangestel en gemagtig word om namens die * (maatskappy/beslote korporasie/vennootskap/trust) te handel, en voorts gemagtig word om alle relevante dokumente namens die * (maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust) te onderteken aangaande enige besigheid met VKB Bpk.

| **Handtekening** | **Datum** |
|---|---|
| ___________________________ | ______________ |
| ___________________________ | ______________ |
| ___________________________ | ______________ |
| ___________________________ | ______________ |
| ___________________________ | ______________ |

(* Skrap gedeeltes waar nie van toepassing en bevestig deur handtekening)

**VENNOOTSKAP VORM**

| **Lidnommer** | |
|---|---|

| **INLIGTING VEREIS** | | **GEKONTROLEER** |
|---|---|---|
| Naam | | |
| Volle name van vennote | | |
| Geboortedatums | | |
| ID/paspoortnommers * | | |
| Nasionaliteit | | |
| Inkomstebelastingnommer * | | |
| BTW-nommer * | | |
| Inkomstebelastingkantoor * | | |
| Land woonagtig | | |
| Woonadres * (van vennote) | | |
| | | |
| Posadres | | |
| | | |
| Telefoonnommer - werk | | |
| Telefoonnommer - huis | | |
| Selnommer | | |
| Faksnommer | | |
| E-pos | | |
| Bankbesonderhede: * | | |
| - Bank | | |
| - Rekeningnommer | | |
| - Rekeningnaam | | |
| - Takkode | | |
| Wie namens vennootskap moet optree | | |
| Uitvoerende bestuurder | | |
| Aard van besigheid en besigheidsadres * | | |

**VOLTOOI DEUR** **HANDTEKENING** **DATUM**

*** GOEDGEKEUR DEUR**

**(Vir voltooiing deur VKB LANDBOU PTY LTD )**

**VOLTOOI ASSEBLIEF ADDISIONELE INLIGTING OP 'N APARTE BLADSY.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE VAN DOKUMENTASIE UITEENGESIT IN DIE AANHANSEL HIERTOE MOET AAN DIE VOLTOOIDE VORM GEHEG WORD.**

**GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE WAT AANGEHEG MOET WORD:**

1. Identiteitsdokument/paspoorte van vennote
2. Vennootskapsooreenkoms
3. Brief van SAID met verwysingsnommer
4. BTW-sertifikaat
5. Water en ligte rekeninge van vennote
6. Gekanselleerde tjek
7. Briefhoof van besigheid (indien van toepassing)
8. Skriftelike magtiging om namens vennootskap op te tree